



# onderwys

---

Departement van Onderwys  
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

**DIE NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT:  
'n KWALIFIKASIE OP VLAK 4 VAN DIE NASIONALE  
KWALIFIKASIERAAMWERK (NKR)**



# onderwys

---

Departement van Onderwys  
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## **Department van Onderwys**

Sol Plaatje Huis  
Schoemanstraat 123  
Privaatsak X895  
Pretoria 0001  
Suid-Afrika  
Tel: +27 12 312-5911  
Faks: +27 12 321-6770

Pleinstraat 120  
Privaatsak X9023  
Kaapstad 8000  
Suid-Afrika  
Tel: +27 21 465-1701  
Faks: +27 21 461-8110

<http://education.gov.za>

© 2005 Departement van Onderwys

ISBN 1-77018-107-5

# INHOUD

<b>AKRONIEME</b>	<b>vi</b>
<b>HOOFSTUK 1: BEKENDSTELLING VAN DIE BELEID VIR DIE NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT (NSS)</b>	<b>1</b>
1. <b>DOEL VAN DIE DOKUMENT</b>	<b>1</b>
2. <b>TIPE KWALIFIKASIE</b>	<b>1</b>
3. <b>TOELATINGSVEREISTES VIR DIE NKV GRAAD 10–12 (ALGEMEEN)</b>	<b>3</b>
4. <b>BEVORDERINGSVEREISTES VIR GRAAD 10–12</b>	<b>3</b>
5. <b>TYDSDUUR EN ALGEMENE VEREISTES VAN DIE NKV GRAAD 10–12 (ALGEMEEN)</b>	<b>3</b>
6. <b>VERANDERING VAN VAKKE IN GRAAD 10, 11 EN 12</b>	<b>4</b>
<b>HOOFSTUK 2: BEVORDERINGSVEREISTES VIR DIE NKV GRAAD 10–12 (ALGEMEEN)</b>	<b>5</b>
7. <b>ORGANISERINGSVELDE</b>	<b>5</b>
8. <b>VAKKOMBINASIEREELS</b>	<b>5</b>
9. <b>VEREISTES VAN DIE NSS</b>	<b>5</b>

<b>10.</b>	<b>VOORBEHOUDSBEPALINGS</b>	<b>7</b>
<b>11.</b>	<b>BEVORDERINGS- EN SERTIFISERINGSVEREISTES</b>	<b>8</b>
<b>12.</b>	<b>KONSESSIES</b>	<b>10</b>
	<b>HOOFSTUK 3: ASSESSERING</b>	<b>13</b>
<b>13.</b>	<b>ASSESSERING IN GRAAD 10 EN 11</b>	<b>13</b>
<b>14.</b>	<b>ASSESSERING IN GRAAD 12</b>	<b>13</b>
<b>15.</b>	<b>REKORDHOUDING EN RAPPORTERING</b>	<b>13</b>
<b>16.</b>	<b>AANVULLENDE EKSAMENS</b>	<b>14</b>
	<b>HOOFSTUK 4: TYDSTOEWYSING</b>	<b>16</b>
<b>17.</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>16</b>
<b>18.</b>	<b>TYDSTOEWYSING AAN VAKKE</b>	<b>16</b>
	<b>HOOFSTUK 5: HERROEPING VAN BELEID EN OORGANGS- MAATREëLS</b>	<b>18</b>
<b>19.</b>	<b>HERROEPING VAN BELEID</b>	<b>18</b>
<b>20.</b>	<b>OORGANGSMAATREëLS</b>	<b>18</b>
<b>21.</b>	<b>AANVANG EN DATUM VAN IMPLEMENTERING</b>	<b>19</b>

<b>DEFINISIES</b>	<b>20</b>
<b>BYLAAG A: NASIONAAL GOEDGEKEURDE VAKKE WAT AAN DIE VEREISTES VAN DIE NKV GRAAD 10-2 (ALGEMEEN) VOLDOEN</b>	<b>23</b>
<b>BYLAAG B: NASIONAAL GOEDGEKEURDE VAKKE WAT AAN DIE VEREISTES VAN DIE NKV GRAAD 10-2 (ALGEMEEN) VOLDOEN</b>	<b>25</b>
<b>BYLAAG C: ERKENNING VAN VAKKE WAT NIE IN DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING GRAAD 10-2 (ALGEMEEN) GELYS IS NIE</b>	<b>31</b>
<b>BYLAAG D: VAKKODERING VIR ASSESSERINGSDOELEINDES</b>	<b>33</b>

## **AKRONIEME**

- AOO Algemene Onderwys en Opleiding  
AOOS Algemene Onderwys- en Opleidingsertifikaat  
TVLO Taal van leer en onderrig  
NKV Nasionale Kurrikulumverklaring  
NKR Nasionale Kwalifikasieraamwerk  
NSS Nasionale Senior Sertifikaat  
SAKO Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid

# HOOFSTUK 1

## BEKENDSTELLING VAN DIE BELEID VIR DIE NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT (NSS)

### 1. Doel van die dokument

- (1) Hierdie beleid verskaf 'n uiteensetting van die regulasies, reëls en voorvereistes vir die toekenning van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) op Vlak 4 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR). Die NSS sal toegeken word vir die bereiking van die uittreeleeruitkomst soos gestipuleer in die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) Graad 10-12 (Algemeen).
- (2) Hierdie beleid is gebaseer op die norme en standaarde waaraan alle assesseringsliggame ingevolge *artikels 3(4)(l) en 7 van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet No. 27 van 1996)* en *artikels 6(A) en 61 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet. No. 84 van 1996)*, uitvoering moet gee.

### 2. Tipe kwalifikasie

- (1) Die NSS is 'n 130 krediet-sertifikaat op Vlak 4 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR).
- (2) Voltydse, deeltydse en privaat kandidate het toegang tot hierdie kwalifikasie. Hierdie kandidate sal vakke aanbied soos gekies uit die lys in Bylaag A. Vir hierdie doeleindes word voltydse, deeltydse en privaat kandidate soos volg gedefinieer:

- (a) Voltydse, deeltydse en privaat kandidate
- (i) 'n Voltydse kandidaat is 'n leerder wat vir onderrig geregistreer het en wat die NKV Graad 10-12 (Algemeen) program in 'n voltydse hoedanigheid in 'n openbare of onafhanklike skool of enige ander geregistreerde inrigting aanbied en wat vir sewe (7) vakke ingevolge die NKV Graad 10-12 (Algemeen) programvereistes geregistreer het. Sodanige kandidaat moet aan alle interne assesseringsvereistes van die NKV Graad 10-12 (Algemeen) voldoen, insluitende die mondelinge en praktiese vereistes waar van toepassing.
  - (ii) 'n Deeltydse kandidaat is 'n leerder wat nie voltydse onderrig ontvang nie en vir 'n maksimum van ses (6) van die sewe (7) vereiste vakke in 'n enkele eksamensitting mag registreer. Deeltydse kandidate verbonde aan 'n onderriginstansie of afstandsonderrigsentrum moet voldoen aan die interne assesseringsvereistes van die NSS en, waar van toepassing, ook bewys lewer van praktiese werk gedoen.
  - (iii) 'n Privaat kandidaat is 'n leerder wat by 'n privaat instansie wat nie onderrig in 'n voltydse hoedanigheid aanbied nie, geregistreer het. 'n Privaat kandidaat mag vir enige aantal vakke vir een eksamensitting registreer. Privaat kandidate moet voldoen aan die interne assesseringsvereistes van die NSS en, waar van toepassing, ook bewys lewer van praktiese werk gedoen.



- (2) Ingevolge hierdie beleidsdokument moet die NSS-kwalifikasie:
- (a) 'n beplande kombinasie van Leeruitkomste verteenwoordig wat oor 'n gedefinieerde doel of doelstellings beskik, en is daarop gerig om kwalifiserende leerders van toegepaste bevoegdheid en 'n basis vir verdere leer te voorsien;
  - (b) waarde toevoeg aan die kwalifiserende leerder;
  - (c) die gemeenskap en die ekonomie bevoordeel;
  - (d) aan die doelwitte van die NKR voldoen;
  - (e) waar van toepassing, internasionaal vergelykbaar wees;
  - (f) geïntegreerde assessering toepaslik inkorporeer; en
  - (g) die reëls vir die toekenning van die kwalifikasie aandui.

### **3. Toelatingsvereistes vir die NKV Graad 10–12 (Algemeen)**

Die minimum toelatingsvereiste vir Graad 10 is 'n amptelike Graad 9-skoolrapport wat aandui dat die leerder tot Graad 10 bevorder is, of 'n Algemene Onderwys- en Opleidingsertifikaat (AOOS) vir Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes(BOOV), of 'n NKR Vlak 1-Sertifikaat, of 'n erkende ekwivalente kwalifikasie verwerf op NKR Vlak 1.

### **4. Bevorderingsvereistes vir Graad 10 – 12**

Die vereistes soos in hierdie dokument gestipuleer is van toepassing op die uitreiking van 'n NSS. Dit is ook die bevorderingsvereistes vir Graad 10 en 11.

## **5. Tydsduur en algemene vereistes van die NKV Graad 10–12 (Algemeen)**

- (1) Die tydsduur van die NKV Graad 10-12 (Algemeen) program is drie jaar, naamlik Graad 10, 11 en 12. Om 'n NSS te verwerf moet 'n leerder:
  - (a) Die programvereistes vir Graad 10, 11 en 12 afsonderlik voltooi en die spesifieke uitkomste en geassosieerde assesseringstandaarde vir al drie jare bemeester het; en
  - (b) Voldoen aan die interne assesseringsvereistes vir Graad 10, 11 en 12 en die eksterne assesseringsvereistes vir Graad 12 soos bedoel in die Vakverklarings en Vakassesseringsriglyne van die onderskeie vakke in Bylaag A gelys.

## **6. Verandering van vakke in Graad 10, 11 en 12**

- (1) 'n Leerder mag een of meer vakke in sy of haar Graad 10-jaar verander.
- (2) 'n Leerder mag 'n vak in Graad 11 of 12 verander indien die skool dit as in die beste belang van die leerder sou ag om van vakke te verander. Die skool mag so 'n beslissing slegs neem na oorleg met die Departementshoof of sy of haar gevolmagtigde.

## HOOFSTUK 2

### BEVORDERINGSVEREISTES VIR DIE NSS GRAAD 10 – 12 (ALGEMEEN)

#### 7. Organiseringsvelde

- (1) Die NKV Graad 10-12 (Algemeen) gebruik die 12 organiseringsvelde van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) vir organiseringsdoeleindes en registrasie op die NKR. Hierdie organiseringsvelde hou verband met verskeie dissiplines en beroepsvelde in die wêreld en is daarom ontwerp om 'n raamwerk te verskaf vir die organisering van kwalifikasies op 'n samehangende en gekoördineerde wyse.
- (2) Die organiseringsvelde genoem in Bylaag A, word gebruik vir klassifiserings- en groeperingsdoeleindes.

#### 8. Vakkombinasiereëls

Die goedgekeurde vakke vir die NKV Graad 10-12 (Algemeen) in Bylaag A is in twee hoofkategorieë in Bylaag B gegroep, naamlik **Groep A** en **Groep B**. 'n Leerder moet, onder sekere omstandighede, soos bedoel in *paragraaf 9*, vier vakke uit **Groep A** kies, naamlik twee amptelike tale, Wiskundige Geletterdheid of Wiskunde en Lewensoriëntering, en 'n minimum van enige drie vakke uit **Groep B**.

## 9. Vereistes van die NSS

- (1) Onderworpe aan *paragrafe 1, 11 and 20*, sal 'n NSS uitgereik word aan 'n kandidaat wat aan die volgende vereistes voldoen het:
- (a) Nie minder as sewe (7) vakke, soos volg uit Bylaag B gekies, aangebied en voltooi en aan die interne en eksterne assesseringsvereistes daarvan voldoen het:
- (i) Vier vakke van **Groep A** soos volg gekies:  
Twee (2) amptelike tale gekies uit Bylaag B, Tabel A1, met dien verstande dat een van die twee amptelike tale aangebied word op Huistaalvlak, en die ander taal, òf op Huistaal- òf Eerste Addisionele Taalvlak, en met dien verstande voorts dat een van die twee tale die taal van leer en onderrig is (TVLO).
- (ii) Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid gekies uit Bylaag B, Tabel A2.
- (iii) Lewensoriëntering uit Bylaag B, Tabel A3.
- (iv) 'n Minimum van enige drie vakke gekies uit **Groep B** Bylaag B, Tabelle B1-B8. Die minimum van drie vereiste vakke kan, bo en behalwe die twee amptelike tale, soos bedoel in *paragraaf 9(1)(a)(i)*, 'n maksimum van twee addisionele tale, gelys in beide Tabelle A1 en B4, insluit.

## 10. Voorbehoudsbepalings

- (1) 'n Kandidaat wat aan die minimum programvereistes van die NSS, soos bedoel in *paragraaf 9*, voldoen het, mag meer as die vereiste minimum van sewe (7) vakke aanbied, met dien verstande dat hy of sy aan die volgende vereistes voldoen:
  - (a) Die addisionele vakke moet vir al drie jare van die NKV program, naamlik Graad 10-12, aangebied word.
  - (b) Daar moet voldoen word aan al die assesseringsvereistes van die vereiste vakke asook die praktiese assessering waar van toepassing, vir al drie (3) jare van studie, naamlik Graad 10-12.
- (2) Nie meer as een taal sal uit dieselfde groep aangebied word nie, naamlik:
  - (a) isiXhosa, isiZulu, SiSwati and isiNdebele; en
  - (b) Sepedi, Sesotho en Setswana.
- (3) Dieselfde taal sal nie as 'n Huistaal en 'n Eerste Addisionele of Tweede Addisionele Taal, of as 'n Eerste en Tweede Addisionele Taal aangebied word nie.
- (4) 'n Kandidaat mag nie beide Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid aanbied nie.
- (5) 'n Maksimum van een vak, ontwikkel en geassesseer deur 'n geakkrediteerde assesseringsliggaam, en goedgekeur deur die Minister vir hierdie doel, mag aangebied word ten einde aan die vereistes van drie (3) Groep B-vakke, soos bedoel in *paragraaf 9(1)(a)(iv)*, te

voldoen. Sodanige vakke is in Bylaag C gelys. Addisionele goedgekeurde vakke sal van tyd tot tyd by Bylaag C gevoeg word.

- (6) Waar 'n kandidaat meer as een Praktiese Musiekprogram van een van die gelyste Musiekasseringliggame, naamlik die Associated Board of Royal Schools Praktiese Musiekeksamen of Trinity College of London Praktiese Musiekeksamen of Unisa Praktiese Musiekeksamen voltooi het, sal slegs die hoogste prestasievlak wat aan die kandidaat deur daardie assesseringsliggaam toegeken is, vir die NSS erken word.
- (7) N1-N3 Nasionale Sertifikaat-, Nasionale Intermediêre Sertifikaat- en Nasionale Senior Sertifikaatvakke, soos gelys in die tegniese kollege beleidsdokument, naamlik *Formele Tegniese Kollege Onderrigprogramme in die RSA, Verslag 191 (2001/08)*, sal nie vir die NSS oorweeg word nie. Dit is van toepassing op alle leerders wat vir die NKV Graad 10 –12 (Algemeen) in 2006 registreer.
- (8) Inrigtings wat deelydse kandidate toelaat om vakke met 'n praktiese komponent aan te bied, moet verseker dat aan alle praktiese vereistes van die NSS, soos uiteengesit in die Vakassesseringsriglyne, voldoen word.

## **11. Bevorderings- en sertifiseringsvereistes**

- (1) Onderworpe aan die voorvereistes van *paragraaf 16(4)(d)* en *(e)* van die *Wet op Gehalteversekering vir Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet No. 58 van 2001)*, en onderworpe aan *paragraaf 9* van hierdie dokument, sal 'n NSS aan 'n kandidaat wat aan die volgende bevorderingsvereistes voldoen het, toegeken word:
  - (a) Ten minste 40% in die vereiste amptelike taal op Huistaalvlak, soos bedoel in *paragraaf 9(2)(a)(i)* hierbo, behaal het.

- (b) Ten minste 30% in die ander vereiste taal op ten minste Eerste Addisionele Taal vlak, soos bedoel in *paragraaf 9(2)(a)(i)* hierbo, behaal het.
- (c) Ten minste 30% in Wiskundige Geletterdheid of Wiskunde, soos bedoel in *paragraaf 9(2)(a)(ii)* hierbo, behaal het.
- (d) Ten minste 40% in Lewensoriëntering, soos bedoel in *paragraaf 9(2)(a)(iii)* hier bo, behaal het.
- (e) Ten minste 40% in een van die oorblywende drie vakke en ten minste 30% in twee vakke, soos bedoel in *paragraaf 9(2)(a)(iv)* hierbo, behaal het.
- (f) ‘n Maksimum van een kondonering per vak per graad met ‘n “Ontoereikende prestasie”-beoordeling sal vir òf ‘n Groep A- òf ‘n Groep B-vak toegelaat word en sodanige vak sal beskou word asof dit behaal is met ‘n beoordeling van 30%, met dien verstande dat ‘n kondonering slegs een maal toegepas mag word.
- (g) Leerders wat een van die volgende Musiekprogramme, naamlik die Associated Board of Royal Schools Praktiese Musiekeksamen of Trinity College of London Praktiese Musiekeksamen of Unisa Praktiese Musiekeksamen aanbied, moet aan die volgende vereistes voldoen:
  - (i) Die Associated Board of Royal Schools Praktiese Musiekeksamen: ten minste 65%.
  - (ii) Trinity College of London Praktiese Musiekeksamen: ten minste 65%.

- (iii) Unisa Praktiese Musiekeksamen: ten minste 50%.

## 12. Konsessies

### (1) Immigrante

#### (a) 'n Immigrante kandidaat is:

- (i) 'n Kind of afhanklike van 'n diplomatieke verteenwoordiger van 'n vreemde regering geakkrediteer in Suid-Afrika; of

#### (ii) 'n persoon wat:

- (aa) Vir die eerste keer by 'n Suid-Afrikaanse skool in Graad 7 of 'n meer senior graad ingeskryf het, of

- (bb) sy of haar onderrig in 'n skool in Suid-Afrika begin het, en toe 'n skool buite Suid-Afrika vir twee of meer aaneenlopende jare na Graad 6, of die ekwivalent daarvan, bygewoon het.

- (iii) 'n Immigrante kandidaat, soos hierbo bedoel, mag slegs een (1) amptelike taal op ten minste Eerste Addisionele Taalvlak aanbied en 'n beoordeling van 30% in daardie taal behaal, met dien verstande dat 'n ander vak uit Groep B in die plek van die taal wat nie aangebied is nie, gekies word, met dien verstande voorts dat die immigrante kandidaat voldoen aan die bevorderingsvereistes soos bedoel in *paragraaf 11(1)(e)*.



- (iv) In stede van 'n ander vak uit Groep B in die plek van die een amptelike taal wat nie aangebied is nie te kies, mag 'n immigrante kandidaat sy of haar Huistaal in die plek van daardie een amptelike taal aanbied, onderworpe aan die volgende:
  - (aa) Indien sodanige taal is op Huistaalvlak in Tabel B4 in Bylaag A gelys.
  - (bb) In die afwesigheid van die Huistaal van die immigrant in Tabel B4 in Bylaag A, mag sodanige kandidaat sy of haar huistaal op die A-Level van die General Certificate of Education (GCE) van die Verenigde Koninkryk, of 'n eksamen wat deur die Departement van Onderwys as ekwivalent aan Huistaalvlak erken word vir hierdie doeleindes aanbied.
- (v) Om as 'n immigrante kandidaat geklassifiseer te word, moet sodanige kandidaat in besit wees van:
  - (aa) Die relevante amptelike dokumentasie soos deur die Departement van Binnelandse Sake uitgereik en
  - (bb) Die toepaslike amptelike dokumentasie uitgereik deur die skool waar die leerder die Suid-Afrikaanse skoolstelsel vir die eerste keer betree het.

- (2) Leerders wat leerstruikelblokke ondervind
- (a) Die volgende konsessies mag van toepassing wees op leerders wat leerstruikelblokke ondervind:
- (i) Dowes mag een (1) amptelike taal op Eerste Addisionele vlak aanbied, met dien verstande dat 'n ander vak uit Groep B aangebied word in die plek van die taal wat nie aangebied is nie, met dien verstande voorts dat sodanige Dowe kandidate voldoen aan die bevorderingsvereistes, soos bedoel in *paragraaf 11(1)(e)*.
- (ii) Leerders wat wiskundige gestremdhede soos dyscalculia ondervind, mag kwytgeskeld word van die aanbieding van Wiskundige Geletterdheid of Wiskunde, met dien verstande dat 'n ander vak uit Groep B aangebied word in die plek van Wiskundige Geletterdheid of Wiskunde, met dien verstande voorts dat sodanige kandidaat voldoen aan die bevorderingsvereistes, soos bedoel in *paragraaf 11(1)(e)*.
- (iii) *Witskrif 6: Spesiale Onderwysbehoefes: Die Vestiging van 'n Inklusiewe Onderwys-en Opleidingstelsel (2001)*, rig beleid met betrekking tot leerders wat leerstruikelblokke ondervind.

## **HOOFSTUK 3**

### **ASSESSERING**

#### **13. Assessering in Graad 10 en 11**

- (1) Leerders sal intern in ooreenstemming met die vereistes soos gespesifiseer in die Vakassesseringsriglyne, geassesseer word. Die interne assesseringspunt toegeken aan assesseringstake wat gedurende die skooljaar voltooi is, sal 25%, en die jaareindeksamenpunt 75%, tot die groot totaal bydra.
- (2) Die jaareindeksamenpunt moet, soos in die Vakassesseringsriglyne uiteengesit, uit take wat intern opgestel, nagesien en gemodereer is, bestaan.

#### **14. Assessering in Graad 12**

- (1) Die interne assesseringspunt sal, soos bepaal in die Vakassesseringsriglyne, 25%, en die eksterne assesseringspunt 75%, tot die groot totaal bydra. Hierdie bepaling is van toepassing op voltydse, deelydse en privaat kandidate. Die interne assessering sal ekstern gemodereer word.
- (2) Die gewigstoekenning vir assessering van die vak Lewensoriëntering in Graad 12 is egter 'n uitsondering. Die interne assesseringskomponent sal 100% tot die groot totaal bydra en dit sal ekstern gemodereer word.

## 15. Rekordhouding en rapportering

Sewe bevoegdheidsvlakke is vir elke vak in die Vakassesseringsriglyne beskryf. Hierdie beskrywings sal onderwysers help om leerders te assessee en hulle op die regte vlak te gradeer. Die onderskeie prestasievlakke en hulle ooreenstemmende persentasie-intervalle word in Tabel 1 hieronder getoon. Onderwysers/eksaminatore mag van puntetoekenning of persentasies na die metingskode werk, of van die metingskodes na persentasies.

**TABEL 1: PRESTASIESKAAL VIR DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING GRAAD 10-12 (ALGEMEEN)**

<b>METINGSKODE</b>	<b>BEOORDELING</b>	<b>PUNTE %</b>
7	Uitmuntende prestasie	80 – 100
6	Verdienselike prestasie	70 – 79
5	Beduidende prestasie	60 – 69
4	Voldoende prestasie	50 – 59
3	Matige prestasie	40 – 49
2	Basiese prestasie	30 – 39
1	Ontoereikende prestasie	0 – 29

## 16. Aanvullende eksamens

- (1) 'n Aanvullende eksamen sal in die volgende gevalle toegelaat word:
  - (a) Indien 'n Graad 12 voltydse kandidaat nie aan die minimum sertifiseringsvereistes, soos bedoel in *paragrafe 11 en 12*, in die finale eksterne eksamen voldoen nie, maar slegs twee vakke benodig om 'n Nasionale Senior Sertifikaat te verwerf, mag hy of sy vir 'n maksimum van twee vakke vir die aanvullende eksamen gedurende die volgende jaar registreer. Hierdie twee

vakke moet vakke wees waarin die kandidaat gedurende die vorige Oktober/November eksamen geskryf is.

- (b) Indien 'n Graad 12 deeltydse of privaat kandidaat nie aan die minimum bevorderings- of sertifiseringsvereistes, soos bedoel in in *paragrafe 11 en 12*, in die finale eksterne eksamen voldoen nie, maar slegs een vak benodig om 'n Nasionale Senior Sertifikaat te verwerf, mag hy of sy vir 'n maksimum van een vak registreer vir die aanvullende eksamen gedurende die volgende jaar. Hierdie vak moet 'n vak wees waarin die kandidaat gedurende die vorige Oktober/November eksamen geskryf is.
- (c) In uitsonderlike gevalle waar kandidate medies ongeskik is en as gevolg daarvan afwesig was van een of meer eksterne eksamens, kan die aanvullende eksamen beskou word as deel van dieselfde eksamensitting.
- (d) 'n Kandidaat wat sy of haar prestasie in die jaareindeksamen wil verbeter, mag vir 'n maksimum van twee vakke in die aanvullende eksamen registreer.
- (e) Toelating tot die aanvullende eksamen is onderworpe aan die oordeel van die Departementshoof.
- (f) In gevalle (a) tot (e) hierbo sal die interne assessering van die Graad 12-jaar gebruik word, insluitende praktiese/mondelinge assesseringspunte waar toepaslik.

## HOOFSTUK 4

### TYDSTOEWYSING VIR VAKKE

#### 17. Inleiding

- (1) In terme van *artikel 4* van die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet No. 76 van 1998)* moet alle skoolgebaseerde opvoeders by die skool wees gedurende die formele skooldag. Elke skooldag moet ten minste sewe uur lank wees en dus 35 uur per week toelaat.
- (2) Die kontaktyd vir die onderrig van die NKV Graad 10-12 (Algemeen) vir Graad 10, 11 en 12, uitgesluit die tyd toegewys aan pouses, saalbyeenkomste en buitemuurse bedrywighede, sal 27,5 uur per week lank wees.

#### 18. Tydstoewysing

- (1) Die 27,5 uur kontaktyd vir onderrig per week moet soos volg benut word:
  - (a) Tale: 9 uur per week, dit is 4,5 uur per week vir elk van die twee tale;
  - (b) Wiskundige Geletterdheid of Wiskunde: 4,5 uur per week;
  - (c) Lewensoriëntering: 2 uur per week; en
  - (d) Tydstoekenning vir die Groep B-vakke (12,0 uur): 4,0 uur per week behoort toegeken te word aan elk van die drie Groep B-vakke.

- (2) Tabel 2 bied 'n opsomming van die tydstoewysings.

**TABEL 2: OPSOMMING VAN DIE TYDSTOEWYSINGS AAN VAKKE VIR  
DIE NSS GRAAD 10-12 (ALGEMEEN)**

<b>Vak</b>	<b>Tydstoewysing (uur per week)</b>
Tale	4,5
Taal 2 (TVLO)	4,5
Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid	4,5
Lewensoriëntering	2,0
<u>Groep B</u> -vakke (3 x 4 uur)	12,0
Totaal	27,5

- (3) Die toegewese 27,5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereiste NKV Graad 10-12 (Algemeen) vakke soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien 'n leerder addisionele vakke wil aanbied, moet bykomende tyd toegelaat word vir die aanbieding van hierdie vakke.

## HOOFSTUK 5

### HERROEPING VAN BELEID EN OORGANGSMAATREËLS

#### 19. Herroeping van beleid

- (1) Die NKV Graad 10-12 (Algemeen) sal in 2006 in Graad 10 geïmplementeer word. Dit beteken dus dat leerders wat in Graad 12 in 2008 is, die NSS-eksamen sal moet aflê.
- (2) Die beleidsdokument, *'n Samevatting van Onderrigprogramme in skole, Verslag 550 (2001/08)* wat die programvereistes van die Senior Sertifikaat bevat, is, onderhewig aan *paragraaf 21*, herroep.
- (3) Die beleidsdokumente, *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (Algemeen): Oorsig* en *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (Algemeen): Kwalifikasies en Asseseringsbeleidsraamwerk*, is, onderhewig aan *paragraaf 21*, herroep,

#### 20. Oorgangsmatreëls

- (1) Onsuksesvolle Senior Sertifikaat-kandidate in die Senior Sertifikaat eksamen van 2007, asook deeltydse kandidate wat reeds vir die Senior Sertifikaat geregistreer het, sal tot Maart 2011 die geleentheid gebied word om die Senior Sertifikaat-program te voltooi. Alle Senior Sertifikaat vakke wat voor 2006 suksesvol voltooi is, sal tot Maart 2011 erken word vir die uitreiking van die Senior Sertifikaat.
- (2) Geen nuwe inskrywings van voltydse of deeltydse kandidate vanaf Januarie 2006 sal in Graad 10 vir enige vak van *Verslag 550* aanvaar word nie.



- (3) Alle leerders in Graad 10 in 2006 sal die NKV Graad 10–12 (Algemeen) aanbied.
- (4) 'n Kandidaat wat vir die Senior Sertifikaat eksamen by enige geakkrediteerde assesseringsliggaam voor die promulgering van hierdie beleid geregistreer het en 'n sertifikaat waarop aangedui word dat die kandidaat sekere krediete van f die Suid-Afrikaanse Sertifiseringsraad, òf Umalusi, die Raad vir Algemene en Verdere Onderwys Gehalteversekering ontvang het, sal sodanige vakkrediete vir die NSS behou.
- (5) Die Minister mag, indien nodig geag, ingevolge *artikels 3(4)(l) en 7* van die *Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet No. 27 van 1996)*, die oorgangsmatreëls, soos bedoel in *paragraaf 20*, wysig. Sou die Minister dit nodig ag dat sodanige wysigings aan die oorgangsmatreëls gereguleer word, mag sy sodanige regulasies ingevolge *artikel 61* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet. No. 84 van 1996)* promulgeer.

## **21. Aanvang en datum van implementering**

Hierdie beleid sal in werking tree op die dag van die promulgering daarvan in die *Staatskoerant* en tree in werking in Januarie 2006 in Graad 10, Januarie 2007 in Graad 11 en Januarie 2008 in Graad 12.

# DEFINISIES

**assesseringsliggaam** – ‘n liggaam goedgekeur deur die Minister van Onderwys om die eksterne assessering van alle of sommige vakke van die NKV Graad 10–12 (Algemeen) te onderneem.

**bevordering** – die progressie van ‘n leerder van een graad na die volgende een wanneer hy of sy aan die minimum vereistes vir die bereiking van die uitkomste in die betrokke graad voldoen het.

**deeltydse kandidaat** - is ‘n persoon wat nie voltydse onderrig ontvang nie en vir ‘n maksimum van ses (6) van die sewe (7) vereiste vakke in ‘n enkele eksamensitting mag registreer.

**Departmentshoof** – verwys na die Hoof van ‘n provinsiale onderwysdepartement.

**graad** – is daardie deel van ‘n opvoedkundige program wat ‘n leerder binne die bestek van een skooljaar mag voltooi, of enige ander opvoedkundige program wat na die oordeel van die Minister van Onderwys of die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) as gelykwaardig beskou kan word.

**Hoof van die Inrigting** – verwys na die opvoeder aangestel as skoolhoof of waarnemende skoolhoof van ‘n skool of die hoof van enige geregistreerde onderriginstansie.

**immigrante kandidaat** - verwys na ‘n leerder wat op ‘n laat stadium tot die Suid-Afrikaanse skoolstelsel toegetree het en as gevolg daarvan nie aan die volle spektrum van al die Suid-Afrikaanse amptelike tale blootgestel was nie. Sodanige kandidaat sal onder sekere omstandighede kwytkeskel word van die voldoening aan die taalvereistes van die NSS (Algemeen).

**kondonering** - die afwyking van die bevorderingvereistes in die geval van 'n leerder wat net buite die bereik van sodanige vereistes is.

**kwalifikasie** – is 'n beplande kombinasie van Uittreeleeruitkomste en Assesseringstandaarde wat 'n spesifieke doel het en wat bedoel is om aan leerders toegepaste bevoegdheid en 'n basis vir verdere onderrig te voorsien. Die formele erkenning van leerprestasies geskied by wyse van die uitreiking van 'n amptelike sertifikaat.

**leerder** – verwys na enige persoon, insluitende deelydse leerders, wat onderrig in 'n openbare of onafhanklike skool of onderriginstansie verbonde aan 'n geakkrediteerde assesseringsliggaam ontvang.

**Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)** – is 'n agtvlak raamwerk wat voorsiening maak vir die registrasie van nasionale standaarde en kwalifikasies.

**Nasionale Senior Sertifikaat** – is 'n sertifikaat wat vir die eerste keer in 2008 uitgereik sal word aan kandidate wat aan die nasionale beleidsvereistes, soos vervat in hierdie dokument, voldoen het.

**onafhanklike skool** - is in terme van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet. No. 84 van 1996)* soos gewysig, en die *Verdere Onderwys- en Opleidingswet, 1998 (Wet No. 98 van 1998)*, 'n skool of onderriginrigting, of 'n afstandsonderrigkollege wat nie geregistreer is as 'n openbare skool of 'n Volwasse Basiese Onderwys- en Opleidingsentrum (VBOO) by 'n provinsiale onderwysdepartement nie.

**skool** – in hierdie dokument is 'n 'skool' 'n openbare skool of 'n onafhanklike skool wat leerders vir Graad 10 to 12 registreer.

**taalvlakke** – verwys na alle amptelike en nie-amptelike tale en mag op die volgende drie vlakke aangebied word, naamlik Huistaal, Eerste Addisionele Taal and Tweede Addisionele Taal. Huistaal is die taal wat kinders eerste aangeleer het deur by die huis

konstant daaraan blootgestel te wees: dit is die taal ‘waarin ‘n mens dink’. Eerste Addisionele Taal bevorder veeltaligheid en interkulturele kommunikasie. In die Tweede Addisionele Taal val die klem op luister- en praatvaardighede.

**toegepaste bevoegdheid** – die vermoë om die toepaslike Uittreevlakleeruitkomste en Asseseringstandaarde wat vir die verwerwing van ‘n kwalifikasie vereis word, prakties in die relevante konteks toe te pas.

**Vakassesseringsriglyne** – riglyndokumente wat die interne en eksterne assesseringsvereistes vir elk van die vakke gelys in die NKV Graad 10-12 (Algemeen) spesifiseer.

**voltydse kandidaat** - is ‘n leerder wat vir onderrig geregistreer het en wat die NSS program in ‘n voltydse hoedanigheid in ‘n openbare of onafhanklike skool of enige ander geregistreerde inrigting aanbied en wat vir sewe (7) vakke in terme van die NSS programvereistes geregistreer het. Sodanige kandidaat moet voldoen aan alle interne assesseringsvereistes van die NSS, insluitende die mondelinge en praktiese vereistes waar van toepassing.

**Umalusi** - Umalusi, die Raad vir Algemene en Verdere Onderwys Gehalteversekering, geskep in terme van die *Wet op Gehalteversekering vir Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet No. 58 van 2001)*.

# BYLAAG A

## NASIONAAL GOEDGEKEURDE VAKKE WAT AAN DIE PROGRAMVEREISTES VAN DIE NKV GRAAD 10 – 12 (ALGEMEEN) VOLDOEN

No	Organiseringsvelde	Vak
1.	Landbou en Natuurbewaring	Landboubestuurspraktyke; Landbouwetenskappe; Landboutegnologie
2.	Kunste en Kultuur	Dansstudies; Ontwerp; Dramatiese Kunste; Musiek; Visuele Kunste
3.	Besigheids, Handel- en Bestuurstudies	Rekeningkunde; Besigheidstudies; Ekonomie
4.	Kommunikasiestudies en Taal	Alle amptelike tale en 'n aantal nie- amptelike tale
5.	Onderwys, Opleiding en Ontwikkeling	
6.	Vervaardiging, Ingenieurswese en Tegnologie	Siviele Tegnologie; Elektriese Tegnologie; Meganiese Tegnologie; Ingenieursgrafika en –ontwerp
7.	Menslike en Sosiale Studies	Religiestudies; Geografie; Geskiedenis; Lewensoriëntering
8.	Regte, Krygskunde en Sekerheid	
9.	Gesondheidswetenskap en Sosale Dienste	

No	Organiseringvelde	Vak
10.	Fisiese, Wiskundige-, Rekenaar- en Lewenswetenskappe	Rekenaartoeëpassingstechnologie; Inligtingstechnologie; Lewenswetenskappe; Wiskundige Geletterdheid; Wiskunde; Fisiese Wetenskappe
11.	Dienste	Verbruikerstudies; Gasvryheidstudies; Toerisme
12.	Fisiese beplanning en Konstruksie	

## BYLAAG B

### NASIONAAL GOEDGEKEURDE VAKKE WAT AAN DIE PROGRAMVEREISTES VAN DIE NKV GRAAD 10 – 12 (ALGEMEEN) VOLDOEN

#### GROEP A

**TABEL A1: AMPTELIKE TALE OP HUISTAAL EN EERSTE  
ADDISIONELE VLAkke**

VAK	VAKNOMMER		
	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Afrikaans Huistaal	04010012	04010023	04010034
Afrikaans Eerste Addisionele Taal	04020042	04020053	04020064
Engels Huistaal	04010102	04010113	04010124
Engels Eerste Addisionele Taal	04020132	04020143	04020154
IsiNdebele Huistaal	04010192	04010203	04010214
IsiNdebele Eerste Addisionele Taal	04020222	04020233	04030244
IsiXhosa Huistaal	04010282	04010293	04010304
IsiXhosa Eerste Addisionele Taal	04020312	04020323	04020334
IsiZulu Huistaal	04010372	04010383	04010394
IsiZulu Eerste Addisionele Taal	04020402	04020413	04020424
Sepedi Huistaal	04010462	04010473	04010484
Sepedi Eerste Addisionele Taal	04020492	04020503	04020514
Sesotho Huistaal	04010552	04010563	04010574
Sesotho Eerste Addisionele Taal	04020582	04020593	04020604
Setswana Huistaal	04010642	04010653	04010664
Setswana Eerste Addisionele Taal	04020672	04020683	04020694
SiSwati Huistaal	04010732	04010743	04010754
SiSwati Eerste Addisionele Taal	04020762	04020773	04020784

**TABEL A1: AMPTELIKE TALE OP HUISTAAL EN EERSTE  
ADDISIONELE VLAKKE (VERVOLG)**

VAK	VAKNOMMER		
	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Tshivenda Huistaal	04010822	04010833	04010844
Tshivenda Eerste Addisionele Taal	04020852	04020863	04020874
Xitsonga Huistaal	04010912	04010923	04010934
Xitsonga Eerste Addisionele Taal	04020942	04020953	04020964

**TABEL A2: WISKUNDIGE WETENSAPPE**

VAK	VAKNOMMER		
	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Wiskundige Geletterdheid	10030012	10030023	10030034
Wiskunde	10040042	10040053	10040064

**TABEL A3: MENSLIKE EN SOSIALE STUDIES**

VAK	VAKNOMMER		
	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Lewensoriëntering	07050012	07050023	07050034

**GROEP B**

**TABEL B1: LANDBOU**

VAK	VAKNOMMER		
	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Landboubestuurspraktyke	01060012	01060023	01060034
Landbouwetenskappe	01060042	01060053	01060064
Landboutegnologie	01060072	01060083	01060094



**TABEL B2: KUNSTE EN KULTUUR**

VAK	VAKNOMMER		
	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Dansstudies	02060012	02060023	02060034
Ontwerp	02060042	02060053	02060064
Dramatiese Kunste	02060072	02060083	02060094
Musiek	02060102	02060113	02060124
Visuele Kunste	02060132	02060143	02060154

**TABEL B3: BESIGHEID-, HANDEL- EN BESTUURSTUDIES**

VAK	VAKNOMMER		
	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Rekeningkunde	03060012	03060023	03060034
Besigheidstudies	03060042	03060053	03060064
Ekonomie	03060072	03060083	03060094

**TABEL B4: AMPTELIKE TALE OP TWEEDE ADDISIONELE VLAKE, EN NIE-AMPELIKE TALE**

VAK	VAKNOMMER		
	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Afrikaans Tweede Addisionele Taal	04060072	04060083	04060094
Engels Tweede Addisionele Taal	04060162	04060173	04060184
IsiNdebele Tweede Addisionele Taal	04060252	04060263	04060274
IsiXhosa Tweede Addisionele Taal	04060342	04060353	04060364
IsiZulu Tweede Addisionele Taal	04060432	04060443	04060454
Sepedi Tweede Addisionele Taal	04060522	04060533	04060544
Sesotho Tweede Addisionele Taal	04060612	04060623	04060634
Setswana Tweede Addisionele Taal	04060702	04060713	04060724
SiSwati Tweede Addisionele Taal	04060792	04060803	04060814

**TABEL B4: AMPTELIKE TALE OP TWEEDE ADDISIONELE VLAK,  
EN NIE-AMPTELIKE TALE (VERVOLG)**

VAK	VAKNOMMER		
	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Tshivenda Tweede Addisionele Taal	04060882	04060893	04060904
Xitsonga Tweede Addisionele Taal	04060972	04060983	0406994
Arabies Tweede Addisionele Taal	04061002	04061013	04061024
Frans Tweede Addisionele Taal	04061032	04061043	04061054
Duits Huistaal	04061062	04061073	04061084
Duits Tweede Addisionele Taal	04061092	04061103	04061114
Gujarati Huistaal	04061122	04061133	04061144
Gujarati Eerste Addisionele Taal	04061152	04061163	04061174
Gujarati Tweede Addisionele Taal	04061182	04061193	04061204
Hebreeus Tweede Addisionele Taal	04061212	04061223	04061234
Hindi Huistaal	04061242	04061253	04061264
Hindi Eerste Addisionele Taal	04061272	04061283	04061294
Hindi Tweede Addisionele Taal	04061302	04061313	04061324
Italiaans Tweede Addisionele Taal	04061332	04061343	04061354
Latyn Tweede Addisionele Taal	04061362	04061373	04061384
Portugees Huistaal	04061392	04061403	04061414
Portugees Eerste Addisionele Taal	04061422	04061433	04061444
Portugees Tweede Addisionele Taal	04061452	04061463	04061474
Spaans Tweede Addisionele Taal	04061482	04061493	04061504
Tamil Huistaal	04061512	04061523	04061534
Tamil Eerste Addisionele Taal	04061542	04061553	04061564
Tamil Tweede Addisionele Taal	04061572	04061583	04061594
Telegu Huistaal	04061602	04061613	04061624
Telegu Eerste Addisionele Taal	04061632	04061643	04061654
Telegu Tweede Addisionele Taal	04061662	04061673	04061684

**TABEL B4: AMPTELIKE TALE OP TWEEDE ADDISIONELE VLAK,  
EN NIE-AMPELIKE TALE (VERVOLG)**

VAK	VAKNOMMER		
	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Urdu Huistaal	04061692	04061703	04061714
Urdu Eerste Addisionele Taal	04061722	04061733	04061744
Urdu Tweede Addisionele Taal	04061752	04061763	04061774

**TABEL B5: INGENIEURSWESE AND TEGNOLOGIE**

VAK	VAKNOMMER		
	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Siviele Tegnologie	06060012	06060023	06060034
Elektriese Tegnologie	06060042	06060053	06060064
Meganiese Tegnologie	06060072	06060083	06060094
Ingenieursgrafika en –ontwerp	06060102	06060113	06060124

**TABEL B6: MENSLIKE EN SOSIALE STUDIES**

VAK	VAKNOMMER		
	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Geografie	07060042	07060053	07060064
Geskiedenis	07060072	07060083	07060094
Religiestudies	07060102	07060113	07060124

**TABEL B7: FISIESE, WISKUNDIGE, REKENAAR- EN  
LEWENSWETENSKAPPE**

VAK	VAKNOMMER		
	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Rekenaartoeëpassingstegnologie	10060072	10060083	10060094
Inligtingstegnologie	10060102	10060113	10060124
Lewenswetenskappe	10060132	10060143	10060154
Fisiese Wetenskappe	10060162	10060173	10060184

**TABEL B8: DIENSTE**

<b>VAK</b>	<b>VAKNOMMER</b>		
	<b>Graad 10</b>	<b>Graad 11</b>	<b>Graad 12</b>
Verbruikerstudies	11060012	11060023	11060034
Gasvryheidstudies	11060042	11060053	11060064
Toerisme	11060072	11060083	11060094

## BYLAAG C

### ERKENNING VAN VAKKE WAT NIE IN DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING GRAAD 10-12 (ALGEMEEN) GELYS IS NIE

#### C.1 DIE STATUS VAN VAKKE AANGEBIED DEUR ANDER ASSESSERINSLIGGAME

Kandidate mag 'n maksimum van een vak, ontwikkel deur 'n geakkrediteerde assesseringsliggaam, uitgesonderd die Department van Onderwys, aanbied, met dien verstande dat sodanige vak in nasionale onderwysbeleid opgeneem is. 'n Maksimum van 20 krediete mag aan so 'n vak toegeken word. Geakkrediteerde voorsieners wat van voornemens is om hulle vak as deel van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (Algemeen) aan te bied, mag dit met die goedkeuring van die Departement van Onderwys doen.

Die vakke gelys in *paragraaf C2* is goedgekeurde vakke van ander geakkrediteerde assesseringsliggame wat gedurende die interimperiode aangebied sal word. Slegs in uitsonderlike gevalle sal addisionele vakke in hierdie kategorie deur die Department van Onderwys oorweeg word.

#### C.2 VAKKE VAN ANDER ASSESSERINSLIGGAME WAT DEUR DIE MINISTER VAN ONDERWYS GOEDGEKEUR IS

VAK	NOMMER
Associated Board of Royal Schools of Music Praktiese Musiekeksamen Graad 6	02070014
Associated Board of Royal Schools of Music Praktiese Musiekeksamen Graad 7	02070024

<b>VAK</b>	<b>NOMMER</b>
Associated Board of Royal Schools of Music Praktiese Musiekeksamen Graad 8	02070034
Associated Board of the Royal Schools of Music Praktiese Musiekeksamen Voordraersdiploma	02070134
Associated Board of Royal Schools of Music Voordraerslisensiaat in Musiek	02070044
Trinity College of London Praktiese Musiekeksamen Graad 6	02070054
Trinity College of London Praktiese Musiekeksamen Graad 7	02070064
Trinity College of London Praktiese Musiekeksamen Graad 8	02070074
Trinity College of London (TCL) Voordraerssertifikaat, Associate	02070144
Trinity College of London (TCL) Voordraerssertifikaat	02070154
Trinity College of London Voordraerslisensiaat in Musiek	02070084
UNISA Praktiese Musiekeksamen Graad 6	02070094
UNISA Praktiese Musiekeksamen Graad 7	02070104
UNISA Praktiese Musiekeksamen Graad 8	02070114
UNISA Voordraerslisensiaat in Musiek	02070124

Leerders wat enigeen van die volgende musiekvakke aanbied, naamlik die Associated Board of Royal Schools, Trinity College of London, of UNISA Praktiese Musiekeksamen, Graad 6, 7, 8, of die Voordraerssertifikaat, Associate (Trinity), of die Voordraerslisensiaat in Musiek, moet aan die volgende voorvereiste teoretiese komponente, soos aangebied deur die drie onderskeie inrigtings, naamlik die Associated Board of Royal Schools, Trinity College of

London en UNISA, voldoen: Graad 6 vir die teorie van die Associated Board of Royal Schools en Trinity College of London, en Graad 5 vir UNISA.

# BYLAAG D

## VAKKODERING VIR ASSESSERINGSDOELEINDES

### D.1 Vakke

Die vakkodes vir vakke gelys in Bylaes A en B bestaan uit agt syfers met die volgende betekenis:

- Eerste en tweede syfers: NKR-organiseringsvelde (tot en met twee syfers) (Tabel D1);
- Derde en vierde syfers: die vakgroeperings soos hieronder gedefinieer (Tabel D2);
- Vyfde, sesde en sewende syfers: unieke vakkodes binne elke NKR-organiseringsveld; en
- Agtste syfer: Die NKR-vlak van die vak.

**Tabel D1 NKR-organiseringsvelde en hul verbintenis met die vakkoderingstelsel**

<b>SYFER</b>	<b>NKR-ORGANISERINGSVELDE</b>
01	Landbou en Natuurbewaring
02	Kunste en Kultuur
03	Besigheids-, Handel- en Bestuurstudies
04	Kommunikasiestudies en Taal
05	Onderwys, Opleiding en Ontwikkeling
06	Vervaardiging, Ingenieurswese en Tegnologie
07	Menslike en Sosiale Studies
08	Regte, Krygskunde en Sekerheid
09	Gesondheidswetenskap en Sosialedienste
10	Fisiese, Wiskundige, Rekenaar- en Lewenswetenskappe



**Tabel D1 NKR-organiseringsvelde en hul verbintenis met die Vakkoderingstelsel (Vervolg)**

<b>SYFER</b>	<b>NKR-ORGANISERINGSVELDE</b>
11	Dienste
12	Fisiese beplanning en Konstruksie

**Tabel D2 Vakgroeperings**

<b>SYFER</b>	<b>VAKGROEP</b>
1	Groep A Amptelike Tale op Huistaalvlak
2	Groep A Amptelike Tale op Eerste Addisionele Vlak
3	Groep A Wiskundige Geletterdheid
4	Groep A Wiskunde
5	Groep A Lewensoriëntering
6	Groep B-Vakke
7	Vakke van ander assesseringsliggame deur die Departement van Onderwys erken om as Groep B vakke aangebied te word.